DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**5 November 2023**

*Eredienste* begin *09:30*

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | Ds. Sarel Venter |
| **Skriflesing** | Handelinge 5: 17 - 32 |
| **Tema** | *Die Gees laat ons getuig van die waarheid* |
| **Sang** | Psalm 150: 1, 2<br>Psalm 9: 7, 10<br>Skrifberyming 14-3: 1, 2<br>Skrifberyming 15-2: 1, 3<br>Skrifberyming 3-3: 1, 2, 6 |

Kajafas, die Hoëpriester, was diep onrustig. Die apostels se wonders en hulle prediking het baie mense by die eerste gemeente laat aansluit. Daarom gee hy bevel dat van die apostels in die tronk gestop word. Kajafas is 'n Sadduseër. Hy glo nie aan die opstanding uit die dood nie. Hy glo ook nie aan engele nie. Jesus Christus se koningskap het in kragtige tekens en wonderwerke sigbaar geword. Daarmee saam kom egter ook die stryd waarin Sy kerk op aarde gewikkel is. Die magte van die bose, en daarmee saam ook die valse kerk van eie belang, het al hoe meer vyandig begin optree.


**Ironies is dit juis ‘n engel wat die tronkdeure oopsluit. Hieroor swyg Kajafas in verleentheid wanneer die apostels weer voor die Raad beskuldig word. Daar is drie aanklagte: • Hulle ontken die gesag van die Joodse Raad. • Hulle verkondig ’n valse leer onder die mense. • Die apostels beskuldig die Sanhedrin valslik van die moord op Jesus.**

**Nou is die vraag: Hoe gaan die apostels hulleself hier verdedig? Hulle was immers aan die Joodse Raad, die Sanhedrin, se bevele ongehoorsaam. Dit is waar, hulle verkondig ’n ander leer as dié van die Fariseërs en Sadduseërs. Hulle verkondig die opstanding van Jesus Christus. Die Heilige Gees getuig saam met hulle, want hulle was by die hemelvaart. Verder het hulle inderdaad die Joodse leiers kwalik geneem vir die kruisiging van Jesus. Daarom moet ons mooi kyk na Petrus se antwoord: Aan wie moet ons meer gehoorsaam wees?**

**Ons weet dat gelowiges soms in situasies kom waar dit nie so maklik is om dadelik te kan onderskei tussen waar en vals nie. Veral wanneer jy jou geloof moet verdedig, moet jy mooi dink voor jy praat.**

**Petrus getuig dat gehoorsaamheid aan God voorkeur moet kry bo ons eie argumente wanneer ons verdedigend reageer. Christus het voor sy dood en opstanding vir die apostels gesê dat die Heilige Gees self die woorde in hulle mond sal lê. Daarom praat Petrus die volle waarheid voor die Raad. Hy gebruik die verhoor om kragtig te getuig. Hy grond sy gehoorsaamheid aan God op God se eie dade wat bewys dat die apostels se gedrag reg is: • God het Jesus uit die dood opgewek. • God het Jesus tot aan sy regterhand verhoog. • God het Jesus as Verlosser aangestel. God se handelinge is die basis vir ons geloof. Daarop baseer ons ons gehoorsaamheid aan Hom. Volg jy die mens se handelinge, raak dit vinnig duidelik dat dit nie die grond van jou geloofsbesluite kan wees nie!**

## OOG VIR MEKAAR




* **Ons is dankbaar dat Sandra Eloff weer op haar eie voete kom. Sterkte vir jou en Ernst.**
* **Seën vir al ons kinders, ouers en onderwysers wat besig is om die laaste eksamen van die jaar deur te gaan. Ons bid vir julle vir insig, wysheid en geduld. Matrieks vasbyt!!**

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 5 Nov 2023

**Diensbeurt:** Wyk 15 **Katkisasie:** Les 25
**Ouderling:** Stephan Coetsee **Diaken:** Piet Kruger

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Die susters nooi almal hartlik uit om na die erediens 'n heerlike koppie koffie of tee saam met ons te kom geniet.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (So) 5 Nov | 11:00 | *Kerk* | Ouderlingevergadering |
| (Ma) 6 Nov | 18:00 | *Kerk* | Breëkerkraadvergadering |
| (Di) 7 Nov | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Wo) 8 Nov | 11:00 | *Kerk* | Snr. Burger ete |
| (Wo) 8 Nov | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |




# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *Belydend / Doop* | *Sel/Tel no.* |
| (So) 5 Nov | Toesie Weideman | 52 | B | 079 891 1557 |
| (Di) 7 Nov | Carien Venter<br>Mart-Alet Schnehage | 33<br>29 | B<br>B | 083 271 2676<br>+44 7480 924045 |
| (Wo) 8 Nov | Thomas Hitge | 24 | B | 065 894 9186 |
| (Do) 9 Nov | *Jan Hoogendyk ** | *71* | B | 083 703 5925 |
| (Vr) 10 Nov | Marc Schnehage | 1 | D | +44 7480 924045 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
| (So) 5 Nov | Chris & Elzánne Botha | 7 | 076 572 0991<br>083 608 4684 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Almal wat deur U geskep is, loof U,
Here, en u troue dienaars prys U!
Hulle vertel van u koninklike mag
en getuig van u groot krag.
Die mense moet weet van sy krag,
van sy koninklike mag  en majesteit.**

**Psalm 145: 10-12**

# KOLLEKTES

**Kollektes November  2023**



**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
**5 November  Thusofonds**
**12 November  Emeritaatsversorgingsfonds**
**19 November  GKSA Sustentasiefonds**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die**

# SENIORBURGER AFSLUITING

*Die susters nooi almal 60 jaar en ouer uit na die jaarlikse Seniorburger Afsluiting.*

**Die afsluiting sal plaasvind op *Woensdag 8 November 2023.* Ons kom so vanaf 11:00 bymekaar om 12:00 behoorlik bederf te word met lekker kos, poeding, koffie en tee ens.**



**Kom kuier saam met ons en kom geniet die middag saam met almal.**

*Om dit vir die susters makliker te maak is daar 'n lys opgesit agter in die portaal om jou naam op te sit.*

**Soos die spreukwoord sê *"If you snooze you loose"* , so voorkom teleurstelling en sit jou naam vroegtydig op die lys.**

**Hoop ons sien almal daar op Woensdag 8 November.**

# DIAKONALE KERSMARK




**Die diakonie beplan om weer ‘n Kersmark te hou op Saterdag 18 November 2023 by die kerk.**

**Ons weet dat die gemeente soos in die verlede OOK die projek sal ondersteun, en daarom vra ons almal se hulp om die projek te ondersteun.**

**Lidmate kan skenkings gee van:**

- **Ou klere,**
- **Bestanddele vir die bak van vrugtekoeke, klein koekies, beskuit ens,**
- **Pannekoekbestanddele soos meel, eiers en olie, suiker, kaneel ens,**
- **Handgemaakte items vir kersgeskenke,**
- **Ingemaakte produkte soos konfyt, vrugte ens.**

**Lidmate en ander persone wat stalletjies wil behartig vir die dag is welkom. Die stalletjie sal jou slegs R200.00 uit die sak jaag, ‘n “bargain” soos min.**

**Vir meer inligting en skenkings, kontak asseblief vir Daleen op 079 490 2678.**

# DIAKONALE KERSMARK LUSMAKERTJIE















Vir slegs **R50 moet jy raai wat my gewig is** en as jy REG is, **gaan ek saam met jou huistoe.** Indien niemand my gewig reg raai nie sal ek slegs die hoogste bod aanvaar .



# NAGMAAL

**Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:**

**Nagmaal sal op 19 November 2023 om 09:30 plaasvind.**



**Lidmate MOET kennis neem dat daar slegs EEN diens sal wees.**

**Lidmate wat Nagmaal aan tafel wil gebruik sal dit kan doen, die ander lidmate moet die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en  Nagmaal in die banke gebruik.**

# NAGMAALETE

**Lidmate wat die Nagmaalete op 19 November  gaan bywoon moet asb julle name op die lys plaas wat agter in die portaal is.**
**Daar gaan heerlike steak en wors gebraai word, saam met Peet se lekker pap en sous.**
**Susters word versoek om asb 'n slaai saam te bring.**
**Onthou ook om eie eetgerei en drinkgoed saam te bring.**
**ONTHOU ASB ! ! Die susters in blok C is verantwoordelik vir nagereg  by die Nagmaalete.**



# GEMEENTE KUIERTJIE



# EERSTEJAARS-AFSKOPKAMP (TUKKIES)




**Kliek gerus op hierdie skakel vir meer inligting en om in te skryf:**
**https://forms.gle/ZLXU8VANydTDQs679 of**
**Epos: eerstejaarsafskopkamp@gmail.com of**
**Instagram: eerstejaars_afskopkamp**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



## Ruk jou broer, vriend uit die VUUR.

...hulle sal almal wat ander tot sonde aanhits en almal wat onreg doen, uit sy koninkryk versamel en hulle in die vurige oond gooi. Daar sal 'n gekners van tande wees.

Mat 13:41



## Dit is nie meer tyd vir net ‘n voorbeeldige lewe nie. PRAAT met jou broer, vriend

...Waak daarteen dat nie een van julle ooit ‘n bose hart vol ongeloof kry nie...

...spoor mekaar aan ( PRAAT) dat niemand deur sonde verhard word nie... Heb 3:12-13

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG VERVOLG)



## Het jy jou broer/vriend lief?

**Dan kan jy nie meer stil bly nie.**

**Praat met hom/haar wys wat is die gevolg van sonde. ... hulle sal in die vurige oond gegooi word. Daar sal 'n gekners van tande wees.**



**God gee Sy Seun vir ons, my, jou en jou vriend**

**Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe het.**

**… kry jy dit nie reg om te praat nie? Kontak die Evangelisasiekommissie by 083 457 1711, dan help ons.**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00<br>en Sondagoggende na die erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas<br><br>Diakonie<br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Maar •Petrus en die apostels het geantwoord: "Ons moet eerder gehoorsaam wees aan God as aan mense.*

*Handelinge 5: 29*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS